**24 Januarie**
**Skrifgedeelte: Levitikus 23:15-22**
**Fokusgedeelte: Levitikus 23:18**

## Die Wekefees: offers en seëninge

Die Wekefees (Pinkster) wat 50 dae na die Paasfees gevier is, het eers sy volle betekenis gekry na die hemelvaart van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees.

Die Wekefees was ’n landboufees. Gedurende die fees is twee brode en ander vleisoffers as die laaste deel van die ingesamelde oes na die Here gebring. Hierdie offers was dankoffers wat met blydskap gebring is.

Een merkwaardige aspek van die offer is dat die brode van ingesuurde meel gebak moes word. In Levitikus 2:11 het die Here gewaarsku dat geen spysoffer ingesuur mag word nie. Suurdeeg het ’n mate van verderf gesimboliseer. Hier is die enigste plek waar van gesuurde brood sprake is. Die Here het dus die gesuurde brode alleen aanvaar nadat die offeraard met God versoen is.

Na die soendood en hemelvaart van Christus wil die Here ook ons swakke en sondebevlekte offers aanvaar. Hy aanvaar ons pogings wat so ver tekortskiet. Hy koester ons onvolmaakte liefde. Hy seën ons gebrekkige geloof. Ons kan Hom met blydskap dien, al is ons dankbaarheid so power. Die bloed van Christus het ons sondes uitgewis.

’n Tweede belangrike aspek is dat daar ’n beweegoffer gebring is. Die offer word nie ten volle verbrand nie, maar ’n gedeelte word teruggehou en aan die priesters en die volk gegee. Hulle het verwag om iets uit die hand van die Here te ontvang.

Na die volmaakte offer van Christus het die gelowiges die Heilige Gees ontvang. Die Heilige Gees bewerk in ons ’n ware geloof, ’n vaste hoop en vurige liefde. So word die verwagting van die uitverkore mens in Christus vervul.

Sing: Psalm 4:3, 4

Prof FN Lion-Cachet (Emeritus)